Die Soutverbond

G. J. Du Preez 072 1876 076

2.
Die “Soutverbond”

*Lev. 2:13 En jy moet al jou spysoffers met sout berei, en jy mag die sout van die verbond van jou ~~God~~ Skepper by jou spysoffer nie laat ontbreek nie; by al jou offers moet jy **sout** bring.*
Ek het met die vers afgeskop wat redelik klem lê op die “sout” toevoeging. Onder gaan ons na nog verse kyk sodat ons by ‘n antwoord of twee kan uit-kom.

Ek gaan kortliks na ‘sout’ se definisie kyk nl.: Dat sout gewoonlik ‘n wit harde stof is “Na Cl” wat sy karakteristieke smaak aan seewater gee. Dit word gevind uit die see, soutpanne of soutmyne. Die algemene gebruik vir sout is om spesifieke smaak aan kosse te gee. Dit word ook gebruik om baie produkte teen bederf te bewaar. Sout se eienskappe is net positief waarvan ons na ‘n paar kan kyk soos: (1) Sout bring krag in voedsel om dit te versterk; (2) Sout bring / skep ‘n lieflike geur om na vore te kom; (3) Daar is feitlik geen eet produk wat nie sout in het nie; (4) Sout keer die bederf van baie produkte. Ens.
Sout in die verre-verlede was baie skaars. Dit was so duursaam dat dit deel van die Romeinse soldate loon was. Omrede sout so oral te vinde was (*met al sy voordele en gebruike*) het dit ‘n groter betekenis by baie ontketen. Dit het ‘n ‘simbool’ van vriendskap geword. In die Skrif lees ons ‘n paar maal oor ‘sout’ waar dit ‘n simbool van ewigdurend of selfs geestelike kalmte ontvang het.
Sout was ‘n vereiste by alle offers daarom het hulle dit ook genoem die “soutverbond” wat nie mag kort by alle offers nie.
(*Vir die interessante, In die Tempel was daar ‘n kamer waar hulle sout gestoor het weens die kosbaarheid en skaarsheid daarvan. Hulle het die kamer die “Sout kamer” genoem. Hoekom was voor die hand-liggend, want die wat nie sout kon bekom nie, kon dit wel by die Tempel kry*).

Kom ons kyk na ‘n klompie verse uit die Skrif:
*Ex. 30:35 … maak daar reukwerk van, ‘n mengsel soos die salfmenger dit maak, met **sout** gemeng, suiwer, ~~heilig~~ rein (*Wat hier opgelet moet word is dat die sout nodig was vir die mengsel).
Num. 18:19 Dit is ‘n ewige soutverbond voor die aangesig van die ~~HERE~~ VADER, vir jou en jou nageslag saam met jou (Hierdie spesifieke verbond was met die Leviete. Wat wel belangrik is om te hoor dat daar net woorde gespreek was en nie ‘n fisiese offer nie).
Deut. 29:23 ….. swawel en sout … sy hele oppervlakte uitgebrand is, wat nie besaai word en niks laat uitspruit nie, waarin hoegenaamd geen plante opslaan nie, …. (Sout se teenwoordigheid in swawel beteken VADER se vingerafdruk).

2Kon. 2:20 En hy antwoord: Bring vir my 'n nuwe skottel en gooi daar sout in. En hulle het dit na hom gebring.:21 Daarop gaan hy uit na die plek waar die water uitkom en gooi die sout daarin en sê: So spreek die ~~HERE~~ VADER: Ek het dié water gesond gemaak; daar sal geen dood of onvrugbaarheid meer van kom nie. (Elía spreek asof dit hy is wat spreek, maar as jy oplet spreek hy namens VADER. M.a.w. hy het eers gaan bid oor die saak en toe die uitspraak gegee).
2Kron. 13:5 Behoort julle nie te weet dat die ~~HERE~~ VADER, die ~~God~~ Skepper van ~~Israel~~ Yashar'EL *die koningskap oor ~~Israel~~* Yashar'EL *aan Dawid vir ewig gegee het, aan hom en sy seuns as 'n soutverbond nie?* (Hier kry ons die tweede geval waar die 'soutverbond' uit-gespreek was sonder 'n offer).
Job. 6:6 Word iets wat laf is, sonder sout geëet? Of is daar smaak in die wit van 'n eier? (Sout is die geurmiddel)
Jes. 30:24 en die osse en die esels wat die grond bewerk, sal voer met sout eet, wat uitgewan is met skop en gaffel; (Sout beveg parasiete en infeksies)
Eseg. 16:4 En wat jou geboorte aangaan—die dag toe jy gebore is, is jou nawelstring nie afgesny nie; en jy is nie met water gewas om jou te reinig nie; ook is jy nie met sout ingevrywe of in doeke toegedraai nie (90% of meer pasgebore wit Adamitiese babas kry geelsug indien hy nie gesmeer word met sout nie). *Eseg. 43:24 En jy moet hulle bring voor die aangesig van die ~~HERE~~ VADER; en die priesters moet sout daarop strooi en dit as brandoffer aan die ~~HERE~~ VADER bring. Eseg. 47:11 Die moerasse en kuile daarvan — húlle sal nie gesond word nie: vir sout is hulle bestem* (Sout word in simboliek gebruik as geneesmiddel en of straf).

Met die volgende vers of wat gaan ons in diepte gaan om die 'soutverbond' te kan verstaan:
Matt. 5:13 Julle is die sout van die aarde, (Hier word pront uit genoem en uitgewys wie die sout van die aarde is. Dit is die wat voor YAHUSHA vergader het. Wie was hulle? Matt.15:24 "Huis van Yashar'EL". Die Adamiete is die sout van die aarde. Hoe hulle sout geword het verduidelik ek hier onder).
Matt.5:13...maar as die sout laf geword het, ~~waarmee sal dit gesout word~~? Hoe sal dit weer 'n sout-smaak gee? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie (Eenmaal het sout sy smaak ontvang, sodra lafheid intree sal herstel 'nooit' weer kan intree nie).
Markus gee ook 'n duidelike antwoord in: 9:50 Die sout is goed, maar as die sout souteloos word, waarmee sal julle dit smaaklik maak? Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar (Hier word vir ons duidelik genoem dat ons sout in ons moet hê, maar hoe kom dit daar? Luk. 14:34)
Mark. 9:49 Want elkeen sal met vuur gesout word en elke offerande sal met sout gesout word (Met vuur gesout beteken, met VADER gesout word).

Met die boonste verwysings kan ons met redelikheid verklaar waar sout vandaan kom en wat dit simboliseer. Die "sout" in sy omvattendheid kom van VADER wat woon in die hemele.
Die 'soutverbond' is uitgeroep oor twee van YAH se koninkryke nl.: Dawid vir die aardse koninkryk en Levi vir die hemelse koninkryk. Deur die twee koninkryke moet hulle dié Yashar'EL / Sakser gesout word.
Soos ons ook nou weet dat daar nie meer 'n "Dawid" (Juda) oor ons heers, en dat daar ook nie meer 'n "Levi" (Leviete) is wat ons geestelik ondersteun nie; Want tans sit die Boervolk met 'n heiden volk (*Wat nie eens 'n volk is nie*) wat oor hulle heers. Ons sit met vals-predikers wat nie die waarheid deurgee nie. Dus is beide koninkryke nou 'n toe deur dat ons nie meer gesout kan word deur die twee koninkryke wat VADER daar vir ons gestel het nie.

Met die skokkende woorde 'weens die twee koninkryke' moet ons kyk wat VADER wel vir ons beplan het. Ons lees in *Jes. 9:5 … 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke ~~God~~ Skepper, Ewige Vader, Vredevors —*
Die Kind is YAHUSHA wat dié Seun is van VADER. YAHUSHA is VADER se Woord, Waarheid en Lewe. YAHUSHA is dié "sout" van die verbond. Watter verbond? Die twee wat ons hierbo bespreek het nl.: Die hemel en aardse koninkryke. Beide die koninkryke was deur YAH beplan vir die behoud van SY uitverkore (*Mal.2:15*). Sout het HY daar gestel sodat ons 'n lieflike geur en smaak aan VADER kon skenk (*As uitverkore*). Sout het laf geraak die dag toe die volk 'n ander koning oor hulle wou aanstel (1 Sam.8:7). VADER het toegegee en die volk hulle sin gegee en hulle geskei weens hoerery (Jes.50:1) Verderwing en dood het daarvandaan ingetree by die volk. Die volk het hulle sede-rigtingwyser verloor en verdwaald geraak in 'n moeras van vuilheid en drek.
In Matt.15:24. Staan: *Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van ~~Israel~~* Yashar'EL. YAHUSHA Seun van VADER het na die uitverkore gekom om die 'soutverbond' weereens te kom openbaar en uit te wys dat dit nog 100% in plek is sodat wanneer Sy volk ontwaak hulle net hul hand kan uitsteek en van die sout neem (*boom van die lewe*).

Die vraag is nou, wat staan dit ons nou te doen om deel te hê aan die sout-verbond. Die offers van ouds het in YAHUSHA volbring geword en dus is die fisiese sout gebruike volbring in YAHUSHA (Joh.19:30).

Bo het ons gelees dat die soutverbond uitgeroep was, en dat sout oor enige verbond / offer moes kom (*Sout skenk ook die teenoorgestelde simbool met sy unieke waardes nl.: Waar sout teenwoordig is of was beteken dit dat VADER se vingerafdruk teenwoordig was. HY het bv. Sodom en Gomorra laat vergaan met swawel en vuur, tog was sout met swawel gemeng. M.a.w. toe YAH 'n draai by Abraham gemaak het was Hy gestuur om Sodom en Gomorra te straf daarom die "sout" se teenwoordigheid in daardie strafgerig*).

Ek gaan nou 'n stelling maak wat baie belangrik is wat toegepas moet word om deel te hê aan die soutverbond van VADER. Moet asb. nie die stelling koppel aan enige ritueel of kultusse nie, want "sout" behoort aan VADER en aan geeneen nie.
Reg, omrede ons bo so 'n bietjie rondom die sout geopenbaar is moet ons begeerte wees om deel daarvan te kan word, en hier is my voorstel en rede nl.: (a) Kry jou prioriteite en doelstellings agtermekaar; (b) Kry jou sienswyse in lyn met die Skrif; (c) Maak vir jou 'n offer / opoffer lys; (d) Gee jou geloofsieninge deur; (e) Kom tot 'n belofte / gelofte met VADER; (f) Sluit 'n "soutverbond" met VADER
Hier is wat ek gedoen het en steeds besig is om te doen.
Ek het eerstens by myself begin met die lys van bo. Direk daarna het ek dit saam met my vrou gedoen. Na my vrou het die kinders een vir een deel geword daarvan. Nadat die gesin by die soutverbond ingeskakel het moet die familie ook inskakel (*Die wat belangstel*). Die verbond moet nooit ophou groei nie en dus moet jou medebroer en suster ook inskakel by die soutverbond.
Hier is die ritme wat ek en my mense geloop het met VADER oor die verbond: Ons sit bymekaar en bespreek al die stappe van bo tot ooreenstemming (*Indien daar nie 'n ooreenstemming is nie kan daar nie 'n soutverbond aangegaan word nie*). Ek het 'n pot sout na die tafel gebring en in elk se hand 'n klompie sout gegooi. Ek het genoem dat die sout wat uitgedeel word 100% aan die ontvanger behoort (*Dit is sy eie*). Na die ontvangs van die sout moet elk erken en beloof om getrou die verbond getrou te doen en te bewaar. Na die erkenning gooi elk sy sout tesame in 'n enkel houer. Nou die houer met sout van al die vergaderde word gevat en 'n maal voorberei (*Ons noem dit die verbond-maal*). Nadat die maal gereed is sit al die vergaderde aan en geniet die maal saam met VADER.

Ns.: Die oudstes en werkers onder die volk moet ook die sout wat VADER daar gestel het vir SY uitverkore deurgee sodat daar eenheid onder die volk kan wees.

Bedink dit volk van YAH